THE SUPREME COURT OF APPEAL
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**MEDIA OPSOMMING - IN DIE HOOGSTE HOF VAN APPèL VAN SUID-AFRIKA**

In die saak tussen:

WILLEM JACOBUS DU PLESSIS APPELLANT

en

DIE STAAT RESPONDENT

Van: Die Griffier, Hoogste Hof van Appèl
Datum: 29 Maart 2007
Status: Onmiddellik

---

Die HHA het vandag die appèl van 'n skoolhoof wat skuldig bevind is aan bedrog, diefstal en onsedelike aanranding van die hand gewys, met die effek dat hy 'n periode van direkte gevangenisstraf sal moet uitdien.

Die appellant was die skoolhoof van 'n laerskool en is in 'n landdroshof daaraan skuldig bevind dat hy, oor 'n tydperk van jare, eiendom van die skool gesteel het, bedrog gepleeg het en van sy vroulike personeellede onsedelik aangerand het. Na 'n onsuksesvolle appèl na die Pretoriase Hooggeregshof het die appelant na die HHA geappelleer teen sy skuldigbevinding op een van die klagtes van onsedelike aanranding en sy vonnis op die klagtes van bedrog, drie van diefstal en drie van onsedelike aanranding.

Die vonnis wat deur die HHA gehandhaaf is, is, kumulatief ten opsigte van die bedrog en drie klagtes van diefstal, een jaar gevangenisstraf ingevolge art 276(1)(i) van die Strafproseswet en, kumulatief ten opsigte van drie klagtes van onsedelike aanranding, twee jaar gevangenisstraf ingevolge dieselfde artikel. Die effek daarvan is dat die appellant verplig is om een sesde van die vonnisse hom opgelê in die gevangenis uit te dien waarna hy, volgens die diskresie van die Kommissaris van Korrektiewe Dienste, onder korrektiewe toesig geplaas kan word. Die verswarende omstandighede rondom die pleging van die misdrywe het 'n periode van direkte gevangenisstraf onafwendbaar gemaak: die appellant was in 'n gesagsposisie; hy het sy gesagsposisie misbruik; hy het uiters manipulerend teenoor die klaagsters opgetree en hulle viktimiseer as hulle nie na sy sin opgetree het nie; hy het uiters arrogant opgetree; hy het die atmosfeer waarin jong leerders opgevoed moes word vertroebel; hy het die klaagsters en staatsgetuies gedurende die verhoor as deel van sy verweer swartgesmeer; hy het volgehou dat die klagtes teen hom spruit uit 'n wrede komplot teen hom deur al die klaagsters en staatsgetuies; hy het geen berou en insig in sy gedrag getoon nie, gevolglik was sy prognose op rehabilitsie swak.

--einde--